# *'n Geskiedenisbrokkie Afkomstig van Humansdorp*

deur

E. D. GERRYTS

DIE ou Voortrekkerleier *Piet Uys,* wat saam met sy seuntjie, Dirkie, omgekom het in die worstelstryd teen die Zoeloes by die Slag van Italenie, is uit die distrik Humansdorp afkomstig. Sy plasie by die mond van die Kromrivier het die naam van Brakfontein gedra, maar ongelukkig is daar vandag niks meer van die ou plaaswoning te sien nie aangesien dit gesloop is en gras reeds die plek van die opstal bedek. Die huidige eienaar van die plaas, mnr. P. C. du Toit, kan egter nog die juiste plek waar die huis gestaan het, aandui.

Met die afgelope Geloftedagviering te Grahamstad het die verrigtinge plaasgevind waar die gemeenskap van Grahamstad destyds 'n Bybel aan die Uystrek oorhandig het. Daar is klippe van al die plekke wat met Piet Uys in verband staan, gebring asook deur al die nasate van Piet Uys en 'n klipstapeling is op die plek waar die Bybel oorhandig is, gehou. Hier sal dan ook later 'n monumentjie opgerig word.

Ek het ook die aangename voorreg gesmaak om twee klippe te lê en wel twee klippe wat nog afkomstig is uit die mure van die ou Voortrekkerleier se huis. Omdat die huis naby die see is, is die mure met sandsteen gebou wat baie maklik was om mee te werk aangesien dit betreklik sag was. Met verloop van jare word hierdie klip egter baie hard en baie van die ou klippe wat Uys gebruik het, is nog onbeskadigd te sien.

Die Voortrekkerleier het 'n seun Piet gehad wat tot sy dood in 1879 in die oorlog teen die Zoeloes, deur briefwisseling in voeling gebly het met ou Humansdorpers. Hierdie Piet Uys is op Brakfontein gebore en het saam met sy ouers in 1837 die buurt verlaat om aan die Groot Trek deel te neem. Hy was ooggetuie van die wrede dood van sy vader en broer en uit briewe wat familiebetrekkinge in Humansdorp destyds van hom ontvang het, het dit duidelik geblyk dat hy vasbeslote was om die dood van sy vader en broer te wreek.

Ook hierdie seun het in die stryd teen die Zoeloes in 1879 omgekom. In verband met sy dood het daar o.a. die volgende in die private brief van die aanvoerder van die troepe verskyn:

"30th April.

"On Thursday last Col. Wood sent out a patrol of most of the mounted men to the Zlobanni mountains where the Kaffirs had been troubling them . . . and 20,000 Kaffirs were let loose on about 800 white men . . . Sixty five are reported killed and 100 missing . . . Amongst the killed is Piet Uys, the greatest loss Col. Wood could have sustained . . . "

Een van die strate van Humansdorp is dan ook na die ou Voortrekkerleier vernoem en Piet Uysstraat het dus vir Humansdorp eintlik 'n dubbele betekenis — Vader en Seun!